Wes-Kaapse Regering
Onderwys

Direktoraat: Werwing en Keuring

Verwysing: 20190211-1488
Lêernommer: 3/3/2/3
Navrae: Inbelsentrum

Werwing en Keuringskennisgewing: 0001/2019

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Kringbestuurders, Hoofde van alle opvoedkundige inrigtings en Voorsitters van beheerliggame

**Onderwerp: Verduideliking van Werwings- en Keuringsminuut 0001/2019**

1. Die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD), nooi sleg aansoeke uit van WKOD-werknemers wat op kontrak in befondsde poste aangestel is.

2. Hierdie sluit in aansoeke van kontrakwerknemers by inrigtings, distrikskantore en Hoofkantoor in die volgende kategorieë:
   - Klerke (toe en met SL5)
   - Algemene Assistente
   - Huishoudingshulp
   - Verpleegsters

3. Werknemers wat aansoek wil doen, moet die volgende indien:
   a) 'n Voltooide Z83-vorm (aansoekvorm vir aanstelling)
   b) 'n Motiveringsbrief van die beheerliggaam of lynbestuurder
   c) 'n Gewaarmerkte afskrif van kwalifikasies (waar van toepassing)
   d) Die name van botallige werknemers wat geraadpleeg is, met motivering of redes waarom hulle nie geskik of geplaas is nie
   e) Bankbesonderhedevorm (DPE3)
   f) Belastingnommer
   g) 'n Verandering van die bonusmaand se vorm

4. Die sperdatum vir die indiening van aansoeke is **26 April 2019**.

5. Aansoeke moet via die beheerliggaam of die lynbestuurder by Hoofkantoor ingedien word by die adres wat in Werwings- en Keuringsminuut 0001/2019 voorsien is.

6. Die permanente aanstelling sal gemaak word onderhewig aan die diskresie van die Hoof van die Wes-Kaap Onderwysdepartement.

7. Prinsipale en/of lynbestuurders word versoek om seker te maak dat hierdie inligting aan alle kwalifiserende werknemers gekommunikeer word via die inrigting se kennisgewingbord of enige ander vorm van kommunikasie.

**ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KORPORATIEWE DIENSTE**
**DATUM:** 2019/03/28